Week 16 (3-7 Aug 2020)

Afrikaans

Lees die storie en beantwoord die vrae. (read and answer)

B **Luister na die koerantberig.** Beantwoord dan die vrae.

Sussies in Zoar stig leesgroep

Colin Hendricks in Zoar:
colin.hendricks@rapport.co.za

Nasia Davids (9) en haar sussie, Zoë (7) hou baie van boeke en is lief vir lees. Hul ma het elke aand vir hulle stories gelees.

Hulle het besluit om 'n leesgroepie te begin vir die kinders van Zoar naby Oudtshoorn.

Hulle het pamflette gemaak om mense te laat weet van hul plan en het die pamflette van huis tot huis afgelewer. Die eerste dag was daar net drie kinders, maar die volgende dag was daar 20 kinders en daar kom elke keer meer kinders by.

Die meeste boeke is Nasia en Zoë se eiendom, maar hulle gee nie om om hul boeke met ander kinders te deel nie. Hulle deel ook hul skootrekenaar met hul maats. Só kan Nasia en Zoë se ma, mev. Davids, die ander kinders ook help met spoedlees en wiskunde. Die kinders bou ook legkaarte en kry skaak- en leeslesse. Mev. Davids leer die kinders ook dat daar 'n wêreld buite die klein dorpie Zoar is.

Zoë wil eendag op Stellenbosch studeer en dalk 'n tandarts of 'n fisioterapeut word, of miskien 'n danser. Nasia wil graag 'n joernalis word en deur die wêreld reis.

Nasia en Zoë se liefde vir lees kom van hul ouers af, wat albei onderwysers is.

(Uit: *Kaap-Rapport*, 16 Mei 2010)

C **Soek die inligting so vinnig moontlik (soeklees).**

1. Naby watter dorp is Zoar?
2. Hoe oud is Nasia en hoe oud is haar sussie Zoë?
3. Wat is hulle van?

Scanned by TapScanner

Hoe goed verstaan jy die koerantberig?

1. Waar woon die twee sussies?
2. Hoe het hulle ander mense van die leesgroepie laat weet?
3. Wie se boeke lees die kinders?
4. Wat doen die kinders nog by die leesgroepie?
5. Watter soort werk doen die sussies se ouers?

Mnr. is die afkorting vir **meneer** en **mev.** is die afkorting vir **mevrou**.

- Waarom is dit goed om te lees?
- Dink jy ook dit is goed om te lees? Waarom sê jy so?
- Waarom, dink jy, is die koerantberig geskryf?

(10 punte)

Scanned by TapScanner

Taal

Pret met woorde: Die alfabet

A **Maak jou eie alfabet.**

Kies 'n woord vir elke letter, bv. A is vir appel, B is vir boek ... Kyk in die **woordeboek** of al jou woorde reg gespel is, skryf dit dan in jou **persoonlike woordeboek** en teken prentjies daarby.

B **Rangskik alfabeties.**

Plaas die skrywers se vanne in die volgorde wat hulle op 'n boekrak in die biblioteek sal wees.

Riana SCHEEPERS
Chris VAN WYK
Roald DAHL
Louise VAN NIEKERK
Maretha MAARTENS
Rona RUPERT
Martie PRELLER
Corlia FOURIE
Pieter GROBBELAAR
Alba BOUWER



Kyk na die **eerste** letter(s) van die skrywers se **vanne** (*surnames*).

F **Kies die korrekte woord uit die blokkie (teenoorgesteldes).**

buite stadig oggend

1. Ek lees al **vinnig**, maar my boetie lees nog _____.
2. In die **aand** kan ek lees, maar in die _____ moet ek regmaak vir skool.
3. Ek lees graag **binne**, want _____ is dit te koud.

G **Leer die volgende sinonieme.**

maat – vriend
luister – hoor
korrek – reg
albei – al twee

Antonieme is woorde met **teenoorgestelde** (*opposite*) betekenisse, bv. **vriend**, **vyand**. **Sinonieme** is woorde wat **dieselfde** beteken, bv. **vriend**, **maat**.

Scanned by TapScanner

Lees die gedig hardop vir jou ouers

OU VROU IN ’N SKOEN

Daar is ‘n ou vrou,
sy woon in ‘n skoen.
Sy het so baie kinders
sy weet nie wat om te doen.
Sy gee hulle sop
sonder botter of brood.
Dan kry elkeen ‘n pak,
van klein tot groot.

1. Wie bly in ‘n skoen?
2. Hoeveel kinders het sy?
3. Wat gee sy vir hulle om te eet?
4. Wat kry hulle van klein tot groot?
5. Hoeveel kinders is in jou huis?
6. Wat is jou gunstelling kos om tee et in die aand?

Gr. 4 Letter

Dear parents

Please know all this work must be completed when Gr. 4 learners return to school. It must be written in their book or answered on copies of all the work that I have sent on the website. Clear instructions were given at all the lessons as well as translations. As we are in week 16 now, I think that learners must use their dictionary if they do not understand certain words as we are already halfway through the year.

I will continue to send work every week until they return so that they can carry on with their academic year instead of falling behind.

I appreciate all your hard work and can’t wait to see you again!